Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*
***Yeshua is die hart van die Vader!***

## Parashah 41: *Pinchas* (פינחס) – Pinehas

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: "Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra'el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra'el verteer het in My jaloesie nie.* Num. 25:10 en 11 – PWL[1]

**Torah** : Num. 25:10 tot 30:1

**Haftorah:** 1 Kon. 18:46 tot 19:21.

**Nuwe Verbond:** 2 Kor. 11:2; 2 Pet. 2:12 tot 22; Matth. 5:5 en Open. 5:10; Gal. 3:28; 1 Tim. 3:2 tot 7; 5:22; Rom. 12:1

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 41 wat afgelaai kan word by: Parashah42notas14 of by Parashah42Notas15.

*The wise man understands that neither the world nor any person or thing in it was created for him, but that instead he was created for the sake of the world, its places, and its people. He is therefore always looking for what he can do for others and what blessing he can leave behind him.*
*The foolish man, however, chooses to see the world - and everything and everyone in it - as existing for his use and pleasure. He therefore is always looking for what good thing others can do for or give to him and what blessings he can wrestle away from the people and situations in his life* – Bill Bullock

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

# Midrash (Torah Bespreking)

## Gehoorsaamheid Waarborg Shalom

Gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua Messias volbring is, is ons waarborg tot shalom – vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid. YHVH se Torah is ‘n skutreling en die wat binne die grense daarvan lewe sal shalom deelagtig wees. Maar elkeen wat oor hierdie skutreling spring sal tot in die verderf val!




**Spr. 13:13** – *Hy wat raad verag, sal daardeur vernietig word, maar hy wat die opdragte respekvol vrees sal gespaar word. Die bedrieglike man sal nie voordeel trek nie, maar ’n wyse man, wie se werke goed is, sal voorspoedig wees.*
**Spr. 28:9** - *Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet (Torah) te luister (sh’ma) en dit te doen nie, selfs sy gebed is ’n verwerplikheid.*

**Spr. 19:16** – *Hy wat die opdragte uitvoer, bewaar sy eie lewe, maar hy wat die regte lewenswyse verwerp, sal sterf.*

Die samelewing verwerp toenemend YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is en sal daarom nie YHVH se shalom, wat alleenlik in Yeshua Messias te vinde is, deelagtig wees nie. Yeshua is die evangelie – die blye boodskap – van vrede!

*Hy het gekom en die goeie boodskap van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig.* Efes. 2:17.

Die wêreld kan nie die mens ware vrede (voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid) bied nie, want hulle verwerp die goeie boodskap van vrede in Yeshua Messias – Hy is die weg van vrede (Rom. 3:17), maar Hy word verwerp!

*Aangaande die tye en seisoene, my broers, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie, want julle weet self goed dat die dag van יהוה kom net soos ’n dief in die nag. Wanneer hulle sal sê: “Daar is vrede en stilte,” dan sal ’n onverwagte vernietiging op hulle afkom soos geboortepyne op ’n swanger vrou en hulle sal nie ontsnap nie.* 1 Thess. 5:1 tot 3.

Yeshua Messias is ons Melgisédek (Malki-Tzedek)! Hy is ons Koning en ons Vrede.

*Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha’Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. Aan hom het Avraham ’n tiende deel van alles uitgedeel. Sy naam word vertaal as:* ***koning van onpartydige opregtheid en ook koning van Shalem, dit is, koning van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed***. Heb. 7:1 en 2.

Hierdie goeie nuus van vrede is eerstens aan Israel verkondig:

*Dít is die boodskap wat Hy gestuur het aan die kinders van Yisra'el toe Hy die goeie nuus van vrede, gesondheid, voorspoed, vergenoegdheid en rus verkondig het deur Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat יהוה van almal is.* Hand. 10:36.

Yeshua het na Sy eiendom gekom, maar talle van Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie, maar verwerp! Die wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word.

*Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie, maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Outoriteit en Karakter vertrou; díe wat nie vanuit die bloed, of vanuit die begeerte van die vlees, of vanuit die begeerte van 'n man nie, maar vanuit God, gebore is.* Joh. 1:11 tot 13

Maar elkeen wat hierdie goeie nuus van vrede en die Melgisédek-weg tot ware vrede verwerp, verwerp YHVH-God wat Yeshua gestuur het! Yeshua self het gesê:

*Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het."* Luk. 10:16.

Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie (Joh. 5:23). Yeshua het ook die volgende gesê:

*Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie ook al My boodskap hoor en Hom vertrou wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die veroordeling nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe*. Joh. 5:24.

*Wie My ook al verwerp en My boodskap nie ontvang nie, het een wat hom veroordeel: die boodskap wat Ek gebring het, dit sal hom veroordeel in die laaste dag, want Ek het nie uit Myself gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, Hy het vir My opdragte gegee oor wat Ek moet sê en hoe Ek dit moet sê.* Joh. 12:48 en 49.

Deur vertroue in Yeshua as die Messias tot vergifnis en versoening met YHVH, en wat opgevolg word deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit Yeshua volbring is, sal ons shalom ervaar.

*Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertroue, vir ons vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.* Rom. 5:1.

*Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend en die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een.* Fil. 4:6 en 7.

Die Koninkryk van God is shalom en vreugde in die Gees van Afsondering (Rom 14:7).

Waar sonde heers, sal shalom afwesig wees en vervang word met 'n 'plaag' wat die geestelike dood van talle sal veroorsaak. Daarom het Pinehas doelgerig opgetree om sonde, naamlik die oortreding van Torah, uit te roei sodat YHVH se shalom tot die kamp kan terugkeer!

Let wel: Pinehas het deur sy optrede die plaag onder Israel gestop (Num. 25:7 en 8)!!

*Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat, agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop*.

Daarom: Studentevolgelinge (dissipels[2]) van Yeshua kan nooit passief teenoor sonde wees nie. Nee, dit vereis dat ons die sonde aan die lig sal bring en 'n daadwerklike poging sal aanwend om dit stop te sit! Ja, ons moet optree teen sonde, al is ons nie direk deel daarvan nie! 'n Ek-wil-nie-betrokke-raak-houding en 'n ek-sal-nie-oordeel-houding is die bewys van geestelike ruggraatloosheid!

Meestal is ons magteloos om die sonde stop te sit, maar dan moet ons seker maak dat ons geen deel daaraan het nie en ons optrede moet dit openlik bevestig. Dit is dan 'n geval van *gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie* (Open. 18:4, verwys ook 2 Kor. 6:17, asook Num. 16:26 en 27 – *Gaan nou weg van die tente van hierdie bose oortreders en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, anders sal julle in al hulle sondes weggesleep word*).

*The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west* – A.W. Tozer.

Pinehas is ons voorbeeld en aansporing om met die jaloesie (die ywer) van YHVH jaloers (ywerig) op te tree tussen ons geliefdes en in ons gemeenskap in die mate dat ons nie sonde sal duld nie!!

Die verwydering van sonde uit ons persoonlike lewe en uit ons onmiddelike omgewing is die waarborg van YHVH se shalom – ware vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid.

**Bepeins of Bespreek**

1. Het iemand wat die Shabbat gedenk en met ywer YHVH se Torah gehoorsaam, maar op Sondae saam met diegene 'aanbid' wat weier om die Shabbat te gedenk, ook deel aan die sonde van die oortreding van die Shabbatsgebod? Die Engelse het 'n spreuk wat sê: *It rubs off!!*

2. Kan Rabbynse Judaïsme YHVH se shalom aan die mensdom waarborg? Hoekom het die Jode sedert die eerste koms van Yeshua nog nooit ware vrede vir die afgelope sowat 2 000 jaar ondervind nie? Hoekom het 2 Thess 3:16 (*Hy, die Meester van vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee altyd vir julle elkeen vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!*) sedertdien nog nooit waar geword in die Jode se lewe nie? Is dit omrede hulle Yeshua verwerp (Rom. 3:17)?

3. Moedswillige en volgehoue ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is, is soos om jouself te vervloek!

[2] A talmid, or disciple, is not a person who wishes to know what the teacher knows. Rather, a true talmid is a person who wants to be what the teacher is, and do what the teacher does. Yeshua was obedient to Torah every moment of His life, not because He had to be, but because he chose to be. As talmidim of Yeshua, we should strive to live our lives the way he lived His life, not because we have to, but because we choose to – because that should be the desire of our hearts." (Hutch Church)

4. *Remember, if you don't learn from the past then you are doomed to repeat it. If we don't rectify the errors of our ancestors then we may replicate them. Compromise cannot be tolerated within the family of Yisra'el. It not only has to be stopped, it also has to be fixed*. Ons kan skuldig wees aan korporatiewe sonde wanneer daar nie daadwerklik opgetree word teen ooglopende sonde binne ‘n groep (gemeenskap, gemeente) nie. Stilswye oor sonde is om deel aan die sonde te hê! Is dit waar?

**Die Moed En Oortuiging Van ‘n Pinehas!**

Het jy en ek die moed en oortuiging van ‘n Pinehas?

Ek herhaal wat ek in verlede jaar se notas geskryf het:

Ons leef in tye waar diegene wat openlik standpunt teen sonde volgens YHVH-God se definisie inneem, toenemend as ‘n krimineel en as ‘n ekstremis gebrandmerk word en wat reeds volgens wetgewing in sommige lande strafbaar is. Om openlik standpunt teen sonde in te neem is dus deesdae ‘n uitdaging waarvoor weinig geestelike leiers en gelowiges kans sien. Terwille van vrede en eie veiligheid, wat hoofsaaklik deur vrees gedryf word, sal talle stilswyend toekyk hoe die koninkryk van duisternis gevestig word. MAAR onthou:

*To be passive in the face of challenges, whether great or small, is to abdicate our role in YHVH's creation, to remove from our heads the crown that He placed upon us: the crown of responsibility* – Rabbi Yitzchak Reuven.

Pinehas het ‘n groot risiko geneem deur die ‘wet in eie hande te neem nie’. Hy het nie Moses of die leierskap gevra nie, maar die uittartende Torah-loosheid van Simri, die seun van Salu, ‘n owerste van die familie van die Simeoniete, het Pinehas as te ware tot hierdie geweldadige optrede gedwing. En onthou: Pinehas het deur een enkele optrede die plaag onder Israel gestop (Num. 25:7 en 8)!!

*Toe Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en ’n spies in sy hand gevat, agter die man van Yisra’el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra’el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra’el gestop*.

Ons moet ingesteld wees om pro-aktief teen sonde op te tree, naamlik voorkomend en as ‘n koninklike priesterdom wat sonder huiwering bereid is om die sondeplaag (Torahloosheid) te stop, of minstens openlik standpunt daarteen in te neem. Indien ons dit nie doen nie, sal ons nie YHVH se vrede deelagtig wees nie. En sonder YHVH se vrede sal ons nie ons Vader se beskerming, beveiliging en geborgenheid ondervind nie! Waar sonde heers, sal YHVH se vrede afwesig wees!

*Peace can only be maintained when we are at peace with God. Pinchas restored that Peace. What Pinchas did may not have been peaceful, but it restored Peace.* Rabbi Shimshon Raphael Hirsch.

**Die Jaloesie Van Pinehas**

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die seuns van Yisra’el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die seuns van Yisra’el verteer het in My jaloesie nie.* Num. 25:10 en 11.

Die Hebreeus vir *jaloesie* in vers 11 is *kinah* (קנא) en beteken *vurig, geesdriftig en ywerig*. Dit kan ook beskryf word as *aktiewe entoesiasme* en as *geregverdigde verontwaardiging*! Pinehas het dus vurig en met geregverdigde verontwaardiging opgetree toe hy beide Simri, die owerste van ‘n familie van die Simeoniete, wat openlik onsedelik met Kosbi, ‘n Medianitiese prinses gehandel het, met ‘n spies deurboor het! Pinehas was deur die Gees gedryf om YHVH se verontwaardiging te demonstreer – ‘n verontwaardiging wat as Goddelike jaloersheid beskryf kan word.

Wanneer YHWH Homself as jaloers beskryf, dan is dit presies hoe Hy oor Sy volk Israel, aan wie Hy Homself deur ‘n Verbond verbind het, voel. Onthou hoe YHVH daar by Sinai in Sy ‘liefdesverklaring’ vir Israel gesê het:

*Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het; daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle ’n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Júlle sal vir My ’n koninkryk van priesters en ’n afgesonderde nasie wees.* Ex. 19:4 tot 6.

Hierdie ‘verlowingsaanbod’ en voorwaardes het Israel eenparig aanvaar toe hulle gesê het: Alles wat YHVH gespreek het sal ons doen (Ex. 19:8). Presies soos wat ‘n man jaloers is op sy vrou wat rond flankeer, so voel YHVH oor Israel – geregverdigde verontwaardiging!

Geregverdigde verontwaardiging (*kinah*) is dus ook die reg om verontwaardig te wees wanneer jy uitvind dat iemand anders dit neem wat regmatig joune is – ‘n verontwaardiging wat as jaloersheid beskryf kan word! Ons is YHVH se volk – die bruid van Yeshua – en daarom sal YHVH met jaloersheid optree wanneer Sy volk ontrou is.

Israel was egter binne enkele dae na die verbond die ontroue bruid deur die aanbidding van die goue kalf! Met geregverdigde verontwaardiging (jaloesie) het YHVH opgetree en aan Israel die onderrig en instruksies (die Torah van Moses, die boek van die wet) gegee wat hulle in bewaring sou hou tot Yeshua Messias se koms (Gal. 3:24 en 25) en om dan met Israel ‘n nuwe verbond te sluit (Heb. 8:8 to 12).

Aan die kruis het Yeshua die skuldbrief van die ontroue bruid uitgewis. Deur wedergeboorte word ons nou die bruid en word ons aan Yeshua, die Bruidegom, verbind. Moedswillige oortreding van YHVH se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua volbring is, is daarom geestelike owerspel (hoerery). Ons moet dus nie dieselfde fout as Israel van ouds begaan nie, en ook nie vergeet nie dat YHVH ons God is ‘n verterende vuur, ‘n jaloerse God is (Deut. 4:24) wat met geregverdigde verontwaardiging sal optree.

Pinehas se jaloesie is die sinnebeeld van YHVH se jaloesie, naamlik dat geen geestelike hoerery geduld sal word nie!

**Nuttelose (Vrugtelose) Ywer Vir YHVH**

Paulus dien ook as waarskuwing van nuttelose (vrugtelose; misplaaste) jaloesie (ywer) vir YHVH!

Voor Paulus se bekering op die pad na Damaskus (Hand. 9:1 tot 19) het hy ook met ywer die volgelinge van Yeshua, naamlik die mense van die Weg, vervolg. In sy eie woorde beskryf hy hierdie ywer soos volg:

*Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus van Silicia, maar het groot geword in hierdie stad, opgevoed aan die voete van Gamali'el, streng volgens die wette (instruksies) van ons vaders. Ywerig vir God, net soos julle almal vandag is; wat hierdie manier van lewe vervolg het tot die dood toe en manne, asook vroue, geboei en aan tronke oorgegee het, soos ook die hoofpriester en die hele raad van oudstes my getuies is, van wie ek ook briewe aan die broers in Dammesek ontvang het sodat ek ook daar, dié wat daar was, geboeid na Yerushalayim kon bring sodat hulle met die dood gestraf kon word.* Hand. 22:3 tot 5.

*Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.* Fil. 3:5 en 6

Nuttelose ywer ontstaan wanneer opgetree word uit eie geregtigheid. Paulus het geglo dat sy ywewrige vervolging van die manne en vroue van die Weg (die volgelinge van Yeshua) in die oë van YHVH geregverdig is! Hy het dus sy eie geregtigheid opgerig en daarvolgens opgetree. Paulus het op daardie stadium nie die geregtigheid van God geken nie!

Maar tydens sy reis na Damuskus is Paulus se geestes oë op 'n bonatuurlike wyse geopen sodat hy kon 'sien' dat Yeshua die geregtigheid van YHVH is (2 Kor. 5:21).

In sy brief aan die Romeine skryf Paulus juis oor die gevaar van eie geregtigheid!

*Wat sal ons daarom sê? Die ander nasies, wat die onpartydige opregtheid nie nagejaag het om dit te verkry nie, het die onpartydige opregtheid ontvang, dié onpartydige opregtheid wat vanuit vertroue is,*
*maar Yisra'el, wat agter die geskrewe wet van onpartydige opregtheid aangehardloop het, het nie die wet van onpartydige opregtheid verkry nie.*
*Om watter rede? Omdat dit nie vanuit vertroue was nie, maar vanuit die dade van die geskrewe wet dat hulle gestruikel het oor die Steen van struikeling.*
*Net soos geskryf is "Let op, Ek het 'n Steen van struikeling en 'n Steen van oortreding in Tziyon gelê en wie ook al in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie."*
Rom. 9:30 tot 33.

Israel wat die wet van geregtigheid nagejaag het, het nie die wet van geregtigheid bereik nie, omdat dit nie uit vertroue in Yeshua as die Messias was nie. Daarom skryf hy verder en sê aangaande sy volksgenote, die Jode die volgende:

*My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,*
***want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie**, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie,*
***want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou**,*
*want Moshe skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe."*
Rom. 10:1 tot 5

Paulus sê dus dat talle van die Jode, asook baie Skrifgeleerdes en Fariseërs 'n ywer (jaloesie) vir YHVH het, maar dat dit nuttelose (vrugtelose) ywer is, want hulle ken nie YHVH se geregtig wat deur vertroue in Yeshua is nie.

Soos Paulus moet ons ook ‘n verlange in ons hart hê dat ons broers van die huis van Judah ook YHVH se geregtigheid sal ken. Daarom moet ons volgens Yeshua se opdrag (Matt. 28:19) ook gaan om studentevolgelinge van die huis van Juda (die Jode) te maak!

Rabbynse Judaïsme het groot ywer vir YHVH, maar hulle het hulle eie gergtigheid opgerig en ken nie YHVH se geregtigheid deur vertroue in Yeshua nie! En daarom, sal hulle nie die Koninkryk van YHVH beërwe nie!

Talle in die Messiaanse Beweging glo dit egter nie, want hulle glo nie die Skrifte van die nuwe verbond nie en staar hulle blind teen Judaïsme se kennis van die Torah en is oortuig dat Torah-getroue Jode gered is. Daarom is hulle ook blind vir die feit dat Rabbynse Judaïsme, soos die Christendom, skuldig is aan sinkretisme – die vermenging van die waarheid met afgodery.

‘n Voorbeeld is die erkenning wat Rabbynse Judaïsme aan die Babiloniese afgod Tammus gee deur die vierde maand van hul kalender, wat saamval met die maand Junie of Julie, hierdie naam te gee. Dit ten spyte daarvan dat die profeet Hosea sê dat die name van afgode nie eers genoem moet word nie (Hos. 2:16).

In Wikipedia lees ons ondermeer die volgende: *In Babylonia, the month Tammuz was established in honor of the god Tammuz, who originated as a Sumerian shepherd-god, Dumuzid or Dumuzu, the consort of Inanna and, in his Akkadian form, the parallel consort of Ishtar.*

Die gruwel en wellustige wyse wat die fees ter ere van Tammus in Babilon gedenk was, was die rede dat die profeet in ‘n visioen hierdie verwerplikheid aanskou het:

*Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van* יהוה *en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz.* Eseg. 8:14.

In ‘n artikel “Don’t Call It Tammuz!” (http://www.nehemiaswall.com/dont-call-tammuz ) skryf Nehemia Gordon (‘n Karaïet Jood) die volgende:

> *Today echoes of the worship of Tammuz survive in Jewish tradition. The name Tammuz itself only appears in the Bible in reference to this pagan deity. However, Jewish tradition adopted the name "Tammuz" for the Fourth Hebrew Month. Over the centuries the pagan origins of the "Month of Tammuz" were forgotten, only to be rediscovered in modern times. Jewish tradition considers Tammuz to be a month of mourning and rabbinical Jews even observe a fast on the 17th day of the month. They also refrain from listening to music and other joyous acts from the 17th to the end of the month. The origins of these mourning practices have become obscured over time and today tradition associates them with the destruction of the Temple. Little do they know that mourning during the Month of Tammuz began long before the destruction of the Temple with a mourning over the death of Tammuz.*

So is daar verskeie ander afgode praktyke in Rabbynse Judaïsme. Meer hieroor kan ondermeer in die volgende artikel gelees word: “Jewish Idolatry: Perversions and Superstitions that Nullify God’s Commandments”. Hierdie artikel kan afgelaai word by: http://seedofabraham.net/Jewish-Idolatry.pdf

My doel is nie om hier op te fokus nie, maar bloot om daarop te wys dat misleiding bestaan ook in Rabbynse Judaïsme, maar dit word verswyg en leiers in die Messiaanse Beweging sal

selde, indien ooit, daarteen waarsku, terwyl die misleidings en afgodery van die Christendom aan die groot klok opgehang word!

**Bepeins of Bespreek**

1. Nuttelose ywer (jaloesie) vir YHVH word nie deur goeie bedoelings aanvaarbaar nie. Nee, ons moet met die ywer van Pinehas YHVH se geregtigheid soek en doen!

2. Die geskiedenis is die bewys van die menslike lyding wat deur nuttelose ywer vir God veroorsaak was. Enkele voorbeelde is die kruistogte van die Rooms Katolike Kerk en Hitler se Jodehaat. Hierdie onderstreep die gevaar van eie geregtigheid wat opgerig word, omrede YHVH se gergetigheid nie geken was nie. Nuttelose ywer vir YHVH beteken jy glo die leuen. Daarom: *The further a society drifts from the truth, the more it will hate those that speak it* – Anonymous.

3. Ons moet ywerig oorlog voer teen ons eie vlees, terwyl ons ywerig moet wees in gehoorsaamheid aan Vader en in goeie werke. Onthou: Yeshua het Homself in ons plek gegee om ons los te koop uit alle oortredings van die Torah en om vir Homself ’n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade (Titus 2:14).

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*